

**3 Februarie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 22:6-23**

**Fokusgedeelte: 1 Samuel 22:19**

### **Hoe kon God dit toelaat?**

Waar was God tydens die slagting van die priesters van Nob? As gelowiges probeer ons verstaan, maar die vrae laat ons magteloos en nie sonder twyfel nie. Waarom kom Dawid met sy leuen weg, maar die onskuldige priesters nie? Waarom moet ook hulle vroue en kinders uitgemoor word?

Daar is 'n goue reël, en dit is om skrif met Skrif te vergelyk.

Oor die priesters van Nob het daar 'n doemprefesie gehang (1 Sam 2:27-36). Weens die ontrou van Eli en sy nageslag (2:29) sou God hulle uiteindelik almal van sy altaar afsny deur hulle in die fleur van hulle lewe te laat sterf (2:31-32). Net een sou gespaar word (2:33) en die een wat oorbly, sou uiteindelik vervang word deur 'n getrouer priester (2:35) wie se nageslag die diens van die altaar sal hanteer. Hierdie profesie word vervul in 1 Samuel 22 en in 1 Konings 2 toe Salomo Abjatar as hoëpriester ontslaan het.

Waarom is daar so baie ellende en onregverdigheid in die wêreld? Waarom doen God nie iets daaraan nie? Natuurlik doen God iets daaraan. Hy het sy Seun gestuur om die wêreld finaal te verlos van alle ellende – ja, selfs van die dood. Lees veral in Openbaringe van God se toorn, maar ook hoe Hy deur basuine (waarskuwing) en plaë die wêreld tot bekering bly roep.

Wat die gelowiges betref, die ellende en beproewings stel ons in staat om te volhard en tot volle geestelike rypheid te kom, sodat ons in die hiernamaals heilig en onberispelik voor God sal wees (Jak 1:2-4 en Ef 1:4-5).

*Sing: Skrifberyming 39:3, 4 Ds AS Heystek (Akasia)*